Die kerk in Markus
as 'n gemeenskap van diens waar grense deurbreek word

BERNARD COMBRINK

Prof Bernard Combrink is verbonde aan die Departement Ou en Nuwe Testament van die Teologiese Fakulteit op Stellenbosch. Hy het ook die hoofstuk oor die kerk in Markus geskryf in die boek Draers van die waarheid wat einde verlede jaar by Buvton verskyn het.

'n Mens dink nie in die eerste plek aan die Markusevangelie wanneer jy meer van die vroeë kerk wil weet nie. Die tema *kerk* kom nie so pertinent in Markus voor as in Matteus (16:18; 18:17) nie. Boonop is Markus die kortste evangelie en het selfs Augustinus gedink dat Markus maar net 'n opsomming van Matteus is. Tog hou Markus vir ons bepaalde verrassings in. Wanneer ons hierdie evangelie met sy sterk klem op die lyding en dood van Jesus noukeurig as 'n verhaal lees, dwing dit ons om betrokke te raak by die verhaal van Jesus en sy kerk.

Markus weerspieël iets van die krisis van Joods-Romeinse oorlog en die val van Jerusalem in 70 nC. Daar was 'n groot kloof tussen ryk en arm, maar ook grense tussen vromes en mense wat volgens die wet as rein en onrein beskou is. Markus se lesers moet leer om op 'n nuwe manier om te gaan met mense wat vir hulle kulties "onrein" is. Markus teken 'n kerk wat oop is vir alle mense, waar dit nie meer belangrik is wat 'n mens mag en nie mag eet nie, en waar mense wie se geloof bedreig word, versterk kan word.

Wie is die kerk in Markus?

Die kerk in Markus is mense wat voor God as Koning leef en van sy mag en krag bewus is. In 'n wêreld vol gode, maar ook vol lyding tydens die opstand teen Rome, is dit belangrik. Hulle ondervind ook die verset van Jode teen Jesus se lewe en boodskap. Maar die verset van Satan, die eintlike teenstander, die "sterk man" (3:23, 27), gee ekstra betekenis aan die klem op God as Koning.

Vryheid en ruimte is tipies in die gemeente van Markus. So lees ons in 2:27: "Die sabbatdag is vir die mens gemaak en nie die mens vir die sabbatdag nie." Verder hef Jesus ook die grense op oor saam met wie 'n mens mag eet (2:15-17), asook oor wanneer, waar en wat 'n mens mag eet (2:18-20; 23-27; 7:19b). In die gesprek met die Siro-Fenisiese vrou deurbreek Jesus die grense van lidmaatskap van die huishouding en volk van God (7:24-30). Die enigste norm om aan die gemeente van die Here te behoort, is aanvaarding van Jesus as die Seun van die mens (8:38).

Wie is Jesus se familie? Nie sy moeder en broers en susters nie. Daar is drie keer sprake van Jesus se familie, in 3:20-21, 31-35 en in 6:1-6a – elke keer in 'n negatiewe konteks. Die "toebroodjie struktuur" van 3:21 en 3:31-35 omraam die konflik met die skrifgeleerdes sodat Jesus se bloedfamilie parallel aan die Skrifgeleerdes gestel word. Dit beteken: "elkeen wat die wil van God doen" word deel van Jesus se ware familie.

Jesus keer baie gangbare waardes om. Hy relativeer die rolle in die huis waar mag en eer met die man saamhang en die vrou vir die versorging in die huis moet sorg. Vrouens moet kinders oppas en versorg. Dit is een van die redes waarom vroue as minderwaardig beskou is – omdat hulle lewe so rondom kinders draai. In 9:33-41 moet die dissipels die kinders ontvang. Nou vervul dissipels die rol van vrouens!

Navolging van Jesus deur dissipels loop soos 'n goue draad deur Markus. In die sentrale gedeelte (8:27-10:52) roep Jesus sy dissipels om Hom op sy pad te volg, weg van die bekende strukture wat aan hulle sekuriteit verskaf het. Jesus kondig drie keer sy lyding, sterwe en opstanding aan (8:31; 9:31; 10:33-34). Maar ons lees direk daarna van die onbegrip van die dissipels en van Jesus wat hulle tot navolging, diens en dissipelskap roep. Dissipelskap beteken om te dink aan wat God en nie jyself nie, wil hê, om jouself te verloën, jou kruis op te neem en om Jesus te volg (8:34-5). Dissipelskap is om Jesus te volg – Hy wat nie gekom het om gedien te word nie, maar om te dien (10:45). Hierdie navolging van die dissipels is 'n voortdurende wisseling tussen sukses en mislukking, geloof, twyfel en kleingeloof. As lesers identifiseer ons van die begin af nie alleen met Jesus nie, maar ook met die dissipels. Juis daarom worstel ons met die negatiewe beeld wat Markus van die dissipels teken. So word ons in die verhaal ingetrek en gewaarsku dat dissipelskap en kerk-wees nie 'n eenvoudige saak is nie.

Die taak van die kerk

Jesus stel die twaalf apostels aan (3:14 ev) om by Hom te wees, om te preek en om duiwels uit te dryf. In 13:8 is die opdrag dat die Evangelie ten spyte van teenstand aan alle nasies verkondig moet word (13:10). Maar Hy gee ook die versekering dat die Heilige Gees self dit moontlik sal maak. Dit is die Heilige Gees wat dissipels in staat stel om Jesus se lewe van diens en selfoorgawe (10:42-45) na te volg, en om te midde van teenstand en vervolging die Evangelie te bly verkondig. Dit is die Gees wat die lewe van die gelowige begelei en so die diens van Jesus op voortgaande wyse in die lewe van sy kerk konkretiseer.

Die kerk moet ook waaksaam wees (13:32-37). In Markus 4 en 13 kry ons twee toesprake van Jesus. In beide gevalle gaan dit om verkondiging en teenstand, maar tog word die dissipels ook bemoedig. Insig is ook nodig (4:10-12), want die gevaar van verloëning bly steeds 'n werklikheid. 'n Gelowige kan net op een van twee maniere in die wêreld leef – óf as dissipel wat Jesus getrou navolg, óf deur ontrou te word en die Here te verloën.

Jesus is die Een wat die sterk man bind (3:27). Daarom moet die dissipels die duiwel deur die krag van die Heilige Gees teenstaan (3:15). Oop oë is nodig om vandag die werk van die "sterk man" te kan raaksien, en geloof is ook nodig om (soos in Markus 13) te kan sien dat wat na 'n neerlaag lyk, eintlik die oorwinning van die kruis is.

Markus is nogal krities oor die leiers van die gemeente. Leierskap moet bestaan in selfoorgawe en diens, anders as in die politiek of openbare lewe. Daar kom ook nuwe ruimte in die gemeente vir die rol van vroue en ander tradisionele buitestaanders.

Om Markus in ons tyd te verstaan, moet ons respek hê vir die vreemdheid en die andersheid van sy tyd en wêreld. Tog kan Markus ook in ons eie konteks 'n lig vir ons laat opgaan. Die eerste lesers van Markus 13 was mense wat vervolg is. Ons is ook bewus van demoniese aspekte van ons samelewing soos die verkragting van babas en geweld teenoor weerlose mense. Juis daarom het ons die boodskap van Markus nodig van die "Een wat sterker is" wat die "sterk man" kan bind – en weet ons dat ons as kerk juis in so 'n konteks 'n taak het.